

Die ABC van Hekelwerk

Die afkortings is in die vorige uitgawe beskryf

NETHEKELWERK MET BLOMRANDE

1e ry: Hekel 'n ketting wat 'n veelvoud van 8 plus 7 kettingsteke is, want in die volgende ry word 4 van die 7 kettingsteke vir 'n langbeen gereken en 3 word gebruik om 'n spasie te vorm.

2e ry: 1 dsl in 11e ks vanaf hekelpen, *3 ks, slaan 3 ks oor, 1 dsl in vlg st*. Herh van * tot * tot einde van ry; draai.

3e ry: 7 ks, (= 4 ks vir 1 dsl en 3 ks vir 1 sp); *1 dsl in vlg dsl, 3 ks*; herh van * tot * tot einde; draai.

4e ry: 4 ks (= 1e dsl); * in vlg dsl hekel 2 dsl wat 'n trossie vorm (laat laaste ls van elk op hekelpen, goh en trek deur al drie lusse) 4 ks, 1 gs, 4 ks en 2-dsl-tr; 1 dsl in vlg dsl*; herh van * tot * tot einde; draai.

5e ry: 7 ks (= 4 ks vir 1 dsl plus 3 ks vir 1 sp); * aan bopunt van vlg tr hekel 3-dsl-tr en hekel in vlg tr 'n 3-dsl-tr (die 3 ste word al drie in bopunt van vorige tr geplaas); 3 ks, 1 dsl in vlg dsl in tr, 3 ks*; herh van * tot * tot einde; draai.

6e ry: 7 ks (4 ks = 1 dsl; 3 ks = 1 sp); herh daarna van * tot * in 2e ry.

7e en alle daaropvlg rye: Herh die 3e ry.



KLAWERBLAARRANDJIE

1e ry: Hekel 'n ketting wat 'n veelvoud van 6 plus 3 ks is.

2e ry: Die eerste 3 ks vorm 1e lb; hekel 1 lb in elke vlg ks tot einde; draai.

3e ry: 5 ks (= 3 ks vir 1e lb, 2 ks vir 1e sp); *slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg st, 2 ks*; herh van * tot * tot einde, eindig met 1 lb in laaste lb; draai.

4e ry: *10 ks, 1 gs in 5e ks vanaf hekelpen (vir 1e klawerblaar), (5 ks, gs in dieselfde st

as 1e gs) nog 2 keer (2e en 3e blaartjie), slaan (1 sp, 1 lb en 1 sp) oor, 1 kb in blg lb*; herh van * tot * tot einde van ry. Knip draad af en heg af.



KOLLETJIES

1e ry: Hekel 'n ketting van 6 plus 3 ks, met groen garing.

2e ry: 3 ks vir 1e lb; 1 lb in elk van vlg 3 ste, *1 lb in vlg st, maar wanneer die derde ls van die lb deurgetrek word, moet kleur van garing van groen na wit verwissel word. Hou die groen aan agterkant van werk. In vlg st een 3-lb-tr (d.w.s. 3 lb in dieselfde st, hou laaste ls van elke lb op hekelpen, goh en trek deur alle ste), slaan weer oor na groen en hekel 1 lb in elk van vlg 4 ste*; herh van * tot * tot 5



ste voor einde van ry, eindig met 5 groen lb. Draai.

3e ry: 1 ks (vir 1e kb), voer wit oor agterkant van werk en hekel met groen 1 kb in elke lb, asook 1 kb in bopunt van elke tr; draai.

4e ry: Met groen, hekel 3 ks (vir 1e lb); herh van * tot * van 2e ry, eindig dié ry met 2 groen lb; draai.

5e ry: Soos 3e ry. Draai.

6e en daaropvlg rye: Herh vanaf 2e ry.

SESHOEKIGE MOTIEF

1e rondte: 7 ks, sluit met gs om ring te vorm.

2e rondte: 12 kb in ring, eindig met gs in 1e kb.

3e rondte: 6 ks (= 3 ks vir 1e lb en 3 ks vir 1e sp), *slaan 1 kb oor, 1 lb in vlg st, 3 ks*; herh van * tot * rondom, eindig met gs in 3e van 6 begin-ks.

4e rondte: (1 kb, 5 lb en 1 kb) in elke sp, eindig met 1 gs aan agterkant van werk en aan bokant van 3 ks in tr.

5e rondte: 1 kb in gs aan bopunt van tr, *5 ks, 1 kb in vlg lb in 3e ry*. Herh van * tot * tot einde van ry, eindig met gs in 1e kb; draai (6 sps gevorm).

6e rondte: 3 gs in 1e sp, hekel (1 kb, 15 ks, 1 kb) in dieselfde sp, draai. In pas gevormde ring hekel 23 kb, *1 gs in die 5-ks-sp; draai; 1 ks, 1 kb in elk van vlg 11 kb, 3 kb in vlg st, 1



kb in elk van vlg 11 kb*; herh van * tot * nog 2 keer; eindig met 1 gs in 5-ks-sp; knip draad af.

Draai. Heg garing weer vas in middel van vlg sp en hekel 'n tweede blaar soos eerste, daarna nog 4 blare, een in elke sp in tr.

Werk nou die blomblaar oor die eerste ses ste van die middel af met naald en garing aan mekaar vas.

7e rondte: Met regte kant van werk voor, heg garing weer aan bopunt van een van die blomblaar vas en hekel 1 kb, *4 ks, slaan 2 kb oor, 1 lb in vlg st, 5 ks, slaan 3 kb oor, in vlg st hekel soos volg: Slaan garing drie maal om hekelpen, steek hekelpen in die st en voltooi st in twee bewegings; slaan vlg 3 ste op dieselfde blomblaar oor en plaas 2 kb in vlg blaar, dan in daaropvlg st soos volg: slaan

VAN BLADSY 135

garing twee maal rondom hekelpen, steek pen in die kb, voltooi st in 5 bewegings (2 lusse op 'n slag), 4 ks, slaan 3 kb oor, 1 lb in vlg st, 4 ks, slaan 3 kb oor, 1 kb aan bokant van blomblaar*; herh van * tot * rondom en eindig met gs in 1e kb.

8e rondte: Hekel 3 kb in dieselfde st en gs; 4 kb in elke sp en 1 kb in elke lb; 3 kb in hoek-kb van tr; eindig met gs in 1e kb.

9e tot 11e rondte: Steek hekelpen slegs in die agterste lus en hekel 1 kb in elke kb, 3 kb in elke hoek; eindig elke rondte met gs in 1e kb.

12e rondte: 6 ks in hoek-ks (d.w.s. 3 ks vir 1e lb en 3 ks vir sp), *2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg st*; herh van * tot * nog 7 keer, daarna 2 ks, slaan 2 ks oor, (1 lb, 3 ks en 1 lb) in vlg st (vir hoek). Voltooi die ander sykant soos

eerste van * tot * en hoeke soos hierbo uiteengesit.



BLOMVIERKANT


1e rondte: *Hekel 11 ks, sluit met gs om ring te vorm, hekel dan 16 kb in ring, sluit met gs oor 1e gs (dit vorm die eerste blomblaar)*. Herh van * tot * nog 3 keer.

2e rondte: 1 gs oor elk van eerste 3 kb van 1e blomblaar, 4 ks (vir 1e dsl), *steek hekelpen slegs in agterste ls van elke st en hekel 1 lb in elk van vlg 3 ste; 4 ks, slaan 2 kb oor, 1 lb in elk van vlg 3 ste, 1 dsl in vlg st, 1 driesl in vlg st, slaan 3 kb van vlg blaar oor, 1 dsl in vlg st*; herh van * tot * rondom, eindig met gs in bopunt van 4 beg-ks.

3e rondte: 3 ks (vir 1e lb), 1 lb in elk van vlg 3 ste; *(2 lb, 3 ks, 2 lb) in vlg lb; 1 lb in elk van vlg 9 ste*; herh van * tot * rondom, eindig met 1 gs in bopunt van 3 beg-ks.

Knip draad af en heg af.

*Vaseline Wit Petroleumjellie Regnr. J/14.2/24



Bababoudjies se beste maat...

*Vaseline Wit Petroleumjellie.

Beskerm teen luierruitslag, want dit plaas 'n waterdigte afsluiting tussen vel en nat luiers.

As mamma vergeet om baba se boudjies met suiwer, sagte *Vaseline Wit Petroleumjellie te smeer wanneer sy luiers verwissel, is die kans groot dat dit baie eina gaan word. En mamma gaan dalk net so moeilik as baba slaap.

Toemaar. Na 'n goeie laag *Vaseline Wit Petroleumjellie is baba se velletjie versag en kry dit kans om te genees.

Baba is tevrede. En mamma ook.

Boonop beskerm *Vaseline Wit Petroleumjellie ook baba se velletjie ooroor. En wanneer iemand in die gesin 'n brandplek, sny of kneusplek opdoen, kan dit as 'n strelende salf gebruik word.

Eintlik is *Vaseline Wit Petroleumjellie en mamma ook baie goeie maats.

*Vaseline Wit Petroleumjellie.

Beproef en vertrou deur mammas vir meer as 100 jaar.

*Chesebrough-Pond's Inc. is die eienaar van die geregistreerde handelsmerk 'Vaseline'.

